

Dinsdag 21 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 67:1-8

Fokusgedeelte: Psalm 67:2, 3

Afwagende hoop en sekerheid in die Here

Plaas jouself in die situasie van 'n boer wat oor die lande kyk wat gereed is om geoes te word. Weke, selfs maande se harde werk, wag, hoop, bid en vertrou ... nou staan die land gereed om sy opbrengs te gee. Met 'n verligte hart en blymoedige gees staan die boer in dankbaarheid voor die Here dat die land sy oes lewer; uitkoms, seën, die voorsienigheid van die Almagtige. Maar die Psalm sing asof daar nog iets kort, asof die oes wat daar voor jou oë staan, nie kompleet is nie ...

Dan besef ons: die oes gaan nie alleen oor versorging nie, dit gaan nie alleen oor behoeftes wat aangespreek moet word nie, maar elke genadegawe uit die hand van God kom tot die mens om die eer van God te besing. Die Here se seën moet altyd vir die gelowige 'n missionêre motivering wees. Ons word nie alleen gevoed en versorg vir ons eie behoud nie, maar tot die eer van die Here.

Die welwese van die mens openbaar die genade van God. Of dit dan die besondere genade of die algemene genade is, dit kom tot ons sodat ons die genadige God se lof daarvoor mag besing. Die majesteit van God staan in die sentrum van alle gawes, daarom moet die majesteit van God vir elke gawe en met elke gawe verkondig word. Dit is waartoe die verlossing in Jesus Christus ons roep en vestig.

Leef vanuit die verlossing tot eer van jou Verlosser. Met elke gawe wat jy reeds ontvang het, kan jy met verdere hoop en sekerheid wag op die Here, en Hom deurgaans daarvoor loof.

Sing: Psalm 67-1:1-3 (Ps. 33 as alternatiewe melodie)

Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)